Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydelike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

AAN ALLE LEDE VAN DIE WERKGEMEENSKAP PRETORIA
EN BELANGSTELLENDES

U en u gade/metgesel en alle belangstellendes word hiermee hartlik uitgenooi om 'n funksie van die SA Akademie by te woon. Bywoning is gratis.

Datum: Woensdagaand 16 Augustus 2017

Tyd: 18:00 vir 18:30

Lokaal: Ouditorium van Communitas, NG Kerk, Pretoria Oosterlig, h.v. Hugo- en Leastraat, Waterkloof Glen (grens aan Constantia Park) (Sien aanwysigings onder).

PROGRAM

18:30 – 19:00: Ligte aandete.

19:00 – 20:00 Gaspreker: Dr. Theuns Eloff, Voorsitter, FW de Klerk-stigting.

- Titel van lesing: ***Die stand van die land: waar kom ons vandaan en waar gaan ons heen?***

20:00 – 20:25 Vrae en bespreking.

20:25 – 20:30 Afsluiting.

Hoofpunte van lesing:

- Waar kom ons vandaan? Van Khoisan en swart stamme – Jan van Riebeeck – tot 23 jaar van ANC-regering.
- Die politieke rolspelers.
- Wat het verkeerd gegaan? Moontlike antwoorde uit die regerende party. Meer waarskynlike redes.
- Wat is op die oomblik besig om te gebeur? Twee hoëvlak gevegte wat afspeel.
- Die stryd teen staatskaping en korrupsie. Oorhoofse en ander faktore.
- Waar gaan ons heen? Vyf scenario's
- Voorwaardes vir 'n goeie toekoms.
- Die stryd vir diversiteit en minderhede.
- Die stand van Afrikaans in die onderwys. Kleuterskole, Laer- en Hoërskole, Universiteite.
- Grondhervorming. Vrugbare teelaarde vir ideologiese emosionele opsweping. Oplossing.
- Konklusie en samevatting.

Ons versoek dat u u bywoning van hierdie byeenkoms teen **14 Augustus 2017** bevestig. Per e-pos: **linda@akademie.co.za** of per telefoon by **086 133 3786**. Meld ook asseblief die aantal persone wat die byeenkoms sal bywoon. Ek benodig die getal vir die spysenier.

Vriendelike groete

(w.g.) Dr. Cassie Carstens, Voorsitter, Werkgemeenskap Pretoria, SA Akademie

NS: Vanaf September 2017 sal werkgemeenskapfunksies voortaan in die Akademie se splinternuwe gebou in Arcadia, langs die historiese Engelenburghuis gehou word.

Om by die NGK Pretoria Oosterlig uit te kom:
Vanaf Lynnwoodweg, draai regs in January Masilela Rylaan (M33) (ou Genl. Louis Botharylaan). Ry oor Garsfonteinweg en hou aan in January Masilela Rylaan. Draai regs in Judithstraat (indien u sou links draai, is u in Beethovenstraat). Dus regs in Judithstraat. Dadelik nadat u deur die valhek (boom) is, draai regs in Leastraat met die parkeerplek op linkerkant.
Die ouditorium van Communitas is agter die kerkgebou, maar sigbaar van die parkeerterrein.

(Indien u Laerskool Constantiapark aan u linkerkant kry (van Garsfonteinweg se kant af), het u te ver gery en moet u omdraai en 'n blok terug ry.)